
GELOOF FAITH
In Die Woord In The Word

Geloof is uit die gehoor
en die gehoor is deur die Woord
van God Rom. 10:17



Faith cometh by hearing
and hearing by
the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

Hou vas aan Jou Belydenis

Jesus het gesê: **Julle is die sout van die aarde**; **.....Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê kan nie weggesteek word nie (Matt. 5:13-14).** Toe het Hy bygevoeg: **maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie.**

En 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik (Matt. 5:15-16).

Die Bybel leer dat ons wat Jesus as ons Here bely het, Sy Liggaam is. **Maar julle is die Liggaam van Christus en lede afsonderlik (1Kor 12:27).** As die Liggaam van Christus is ons Sy hande, Sy voete en Sy mond hier op aarde en Hy het ons die gesag gegee om Sy Naam te gebruik, en om aan te hou om Sy Vader se wil hier op aarde te doen. Jesus se laaste opdrag, voordat Hy opgevaar het hemel toe was dat die Kerk, Sy Liggaam van gelowiges moes aanhou om die Evangelie te versprei en om dieselfde werke te doen wat Hy op aarde gedurende Sy bediening gedoen het. Ons lees Sy woorde in Markus hoofstuk 16:15-18: **En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, ... op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.** Let op dat Jesus sê ons moet gaan (Sy voete) en verkondig(Sy mond) die Evangelie(Sy opdrag) aan die ganse mensdom. **Vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg, in my Naam sal hulle duiwels uitdryf** (Sy gesag), **met nuwe tale sal hulle spreek** (Sy mond). **Hulle sal hande op die siekes lê** (Sy hande) **en hulle sal gesond word.**

Reg van die begin af het God altyd mense gebruik, Sy gehoorsame diensknegte, om Sy wil op die aarde uit te voer en hul name is histories vir altyd in die Bybel opgeteken. In die Ou Testament dink ek aan Noag, Moses, Abraham, Isak, Jakob en baie ander soos hulle. Uitstaande voorbeelde uit die Nuwe Testament is Jesus se dissipels, van wie die meeste eenvoudige vissermanne was. Dan was daar Paulus, wat eers 'n ywerige godsdienstige was, maar kragteloos en 'n vervolger van die Volgelinge van die Here Jesus Christus. Maar nadat hy Jesus op die Damaskuspad ontmoet het en 'n gelowige in die Messias Jesus geword het, het hy 'n kragtige instrument in Sy hande geword en het hy twee derdes van die Nuwe Testament deur die inspirasie van die Heilige Gees geskryf. Hy was werklik iemand met gesag oor Satan. Hy was inderdaad die voete, die mond en die hande van God, vervul met die Gees van God. Hy het magtige prestasies vir sy God gedoen, lofprysing vir die Here was altyd in sy mond en hy was altyd met dankbaarheid gevul teenoor die Here Jesus, omdat hy die Here met sy hele hart lief gehad het.

Paulus kon sê, ten spyte van al die toetse wat hy verduur het en die aanvalle van die duiwel in sy

lewe: **Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee (Fil. 4:13).**

Uit die oorvloed van die hart spreek die mond. Net soos 'n dankbare hart duidelik is deur die woorde wat uit die mond vloei en gevolg word deur onverskrokke aksie, so is die teenoorgestelde ook waar. Julle sal vind dat die wat gedurig oor siekte praat, altyd siek is. En die wat vreesbevange in hul hart is, praat altyd oor vrees. Dink hieroor.....die wat aanhoudend oor hul probleme praat maak dit hulle baas! God se Woord sê in **Job 22:28**: **Besluit jy iets, dan kom dit tot stand.** As jy aanhoudend negatiewe belydenis kies wys dit dat jy die omstandighede aanvaar wat dan net eenvoudig aanhou, as jy egter God se voorsiening en gesondheid verklaar, sal jy sien dat Sy beloftes gebeur. **Elkeen wat sê en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê (Mark. 11:23). My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart. Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam (Spr.4:20,21,22).**

Wanneer ons oortuig is dat God se Woord die Finale Waarheid is, sal ons bewus raak van die gevolge van die woorde van ander mense ook. Dan sal ons nie net let op wat ons sê nie, maar seker maak dat ons woorde spreek wat in lyn met God se Woord is. Ons moet aanhoudend daarna streef om God se Woord in moeilike situasies te spreek en ons monde te oefen om Woord gebaseer te raak. God sê in Openb. 12:11 dat ons die duiwel oorwin deur die Bloed van die Lam en DIE WOORD VAN ONS GETUIENIS. Moenie toelaat dat satan die oorwinning kry deur te kies om negatief te spreek nie.

As jou liggaam simptome van siekte toon en jy aanhoudend oor die siekte praat, sal dit nie die toestand verbeter nie. Jou belydenis moet in lyn met die Woord van God wees. **Matt. 8:17** sê: **"Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra."** Laat daardie belofte in jou hart wees en dit die woorde van jou mond wees. Moenie jou vertroue in die mens stel nie, maar in die Lewende, onveranderlike Woord van God. Die basis vir 'n lewe wat sterk in die geloof is is God se eie Woord. **Psalm 119:140** sê **U woord is deur en deur gelouter, en U kneg het dit lief.** En die Lewende Bybel sê: **U beloftes is al deeglik op die proef gestel.**

Ons lees in **Heb. 10:23: Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou.** Met ander woorde, ons verantwoordelikheid is om vas te hou aan die belydenis wat ons verklaar het en bly onwrikbaar en onbuigbaar. Ons God is getrou! Hy sal ons geloof en ons belydenis eer as dit in lyn met Sy Woord is. Halleluja!

Om geloof in God se beloftes te hê vereis dat ons moet glo voor ons sien! Die wêreld sê " Wanneer ek sien sal ek glo", God se Woord sê "Glo en dan sal jy sien!" Wanneer die geveg aan die gang is is dit die tyd om jou grootste oorwinning te behaal en eer aan Jesus se naam te bring. Daar is baie gevalle in die Woord van God wat wys dat dit waar is en Abraham is die beste voorbeeld van geloof wat God behaag. Abraham het God geglo vir wat onmoontlik vir die mens gelyk het en hy het sy geloof in God bely aangaande die belofte wat Hy aan hom gemaak het. Hy het aan daardie belofte vasgehou en dit verklaar ongeag van die skynbaar hopelose situasie.

Abraham het nooit getwyfel aan God se belofte om hom 'n seun deur Sara te gee nie, alhoewel sy nou negentig jaar oud was en hy was 'n honderd jaar oud. Sy belydenis het dieselfde gebly regdeur sy wagtyd vir God se belofte om vervul te word. Sy belydenis was: "God het dit gesê, ek glo dit en dit beklink dit!" En Sara het geboorte geskenk aan Isak netsoos God Abraham Beloof het!

In 'n situasie waar elke omstandigheid uitroep "onmoontlik", is dit waar dit met God MOONTLIK raak (Luk. 1:37). God sê dat ons meer as oorwinnaars in Christus Jesus, wie ons liefhet, is en dit is waarom ons kies om vas te hou aan die belydenis van God se belofte (Rom. 8:37).

Moenie aan Satan die geringste kans gee om jou te verslaan nie. Moenie 'n enkele woord van sy taal spreek nie, omdat dit die taal van twyfel en ongeloof is en jy kan dit nie spreek sonder om die gevolge daarvan te ly nie. Jy hoef egter nie te vrees nie, onthou altyd dat die Groter Een in jou woon! Groter is Hy wat in jou is! Glo net met kinderlike geloof dat God Sy Woord sal eer. Hy is besig om ons te verander na die gelykenis van Sy Seun Jesus, laat dus die Heilige Gees toe om die werk in jou te doen, vervolmaak jou gees, siel en liggaam, sodat jy die persoon kan wees waarvoor Hy jou geskape het. **En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus! Hy**

wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen (1Thess. 5:23-24).

Aan Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig (Judas 1:24).

Ondervind Sy liefde, Sy blydskap en Sy krag wat in en deur jou werk as jy Sy taal praat en verklaar: **Die HERE is my rots en my bergvesting en my redder; my God, my rots by wie ek skuil (Ps. 18:3)**.

Psalm 27:1 sê — **"Die Here is die toevlug (krag) van my lewe."**

Jes. 53:4: Hy het ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte gedra. Hierdie is die profesie van Jesaja gegee deur die inspirasie van die Heilige Gees wat die kruisiging van Jesus beskryf, dan verklaar Mattheus dat die Here se bediening van genesing 'n vervulling van die profesie is **Matt.8:17: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra.**

Jes. 53:5: Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Die vers uit Jesaja illustreer die genesing wat verkry word deur die lyding van ons Here Jesus. Jesaja het dit 750 jaar voor Sy kruisiging plaas gevind het geprofiteer. God het deur Sy profeet gespreek en dit is vervul toe Pontius Pilatus verklaar het dat Hy gekruisig moes word. **Jesus het hy laat gesel en oorgelewer om gekruisig te word (Matt.27:26).**

Volgens historiese verslae is die tradisionele geseling gedoen deur 'n sweep te gebruik wat bestaan het uit nege rieme van leer, met stukkies metaal, klippe en bene geweef in elke riem. Die Romeinse geseling met die grusame wapen, was die wreedste vorm van straf. Dit was erger as om aan 'n kruis gespyker te word en gelos is om te sterf. Die wat geoordeel was om gegesel te word het dikwels gedurende die slae met hierdie wrede wapens gesterf.

Ons Verlosser se hande was bokant Sy kop vasgemaak, toe het 'n sterk Romeinse soldaat Hom nege en dertig keer geslaan, deur Sy vleis geskeur en diep vore oor Sy rug geploeg. Ons Here het op Homself ONS sonde, ONS lyding, ONS pyn, ONS verdriet en ONS siektes geneem. Hy het in ONS plek gely en gesterf! Deur Sy kosbare Bloed is ons verlos en deur Sy wonde is ons genees (Lees ons boek "Die Nagmaal en Genesing").

Die prys wat Jesus vir ons verlossing en ons genesing betaal het is onbeskryflik. Deur die Versoening van ons Here Jesus Christus het Hy deur Sy Bloed vir ons sonde betaal en vir ons genesing deur Sy gewonde, gebroke Liggaam. Dit is bevestig in 1 Kor. hoofstuk 11 en is steeds geldig.

God se voorsiening vir ons, gees siel en liggaam is altyd beskikbaar aan ons deur geloof in God en Sy Seun ons Here Jesus, dit is hier en nou vir ons. Dank God net met 'n dankbare hart en glo Sy Woord. Prys Hom vir die groot geskenk van Sy Seun en vir die voordele van Golgota, en dank en aanbid Jesus omdat Hy Sy lewe vir jou aan die kruis gegee het, om dit vir jou moontlik te maak om gered en genees te word. **Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Joh. 3:16).**

Jy het miskien al die wonderlike waarhede wat die Woord jou belowe oor genesing, krag en voorsiening vir jou behoeftes gelees en in jou hart gesê: "Ja, ek weet dit is waar", maar jy leef nog met siekte en tekort. Wees verseker dat die Woord van God jou nooit in die steek sal laat nie wanneer jy dit in geloof verklaar en daarvolgens optree.

Jou optrede sal die Woord van God of bevestig of ontken. Dit is hartseer wanneer mense nie wil volhard in hul vertroue in God se Woord nie en bely "Ek is nie genees nie," wanneer die duiwel terug kom met die eerste tekens van simptome en pyn om jou geloof te toets. Heb. 3:14 sê dit: **Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou.**

Ek weet dat jy jou belydenis glo dat Jesus vir jou sondes betaal het en daarom is jy verlos en dit is verseker waar volgens God se Woord, maar daardie presies selfde Woord vertel jou ook dat Jesus vir jou sondes EN jou siektes gesterf het, daarom, op dieselfde manier, glo en bely vir die genesing van jou liggaam. Jesus het vir die verlamde man gesê in **Mark 2:9: "Wat is makliker, om te sê: Die sondes is jou vergewe! of om te sê: Staan op en neem jou bed op en loop?**

Jesus het beide gedoen!

Onthou, jy kan nie die middeweg bewandel nie of aan twee belydenisse vashou nie. As jy siekte bely, sal siekte die oorhand kry en sal jy verslaan word. Aanvaar God se volledige erfenis vir jou verlossing; gees, siel en liggaam. As God sê dat jy verlos is van sonde en siekte is dit so omdat **God se Woord vir ewig vasstaan in die Hemel (Ps. 119:89).**

.

Besluit dat jy van vandag af woorde sal spreek wat in lyn met die Woord van God is. Bely hardop: "Deur die wonde van Jesus is ek genees – dankie Here, ek prys U Here!" Laat jou ore hoor en jou lippe sê wat God oor jou situasie sê. Baie mense is genees deur die eenvoudige maar kragtige verklaring van geloof in God se Woord te bevestig, wanneer hulle hul erfenis in Jesus Christus besef.

Elke keer wanneer die duiwel terug kom met simptome en pyne, weerstaan hom in die Naam van Jesus met hierdie woorde: **"Satan, wyk van my met jou siektes en pyne. In die Naam van Jesus bind ek jou werke van die duisternis en sal nie een van jou siektes aanvaar nie. Deur die wonde van Jesus is ek genees en daarom is ek genees" (Matt.18:18, I Pet. 2:24).** Prys die Here dan vir Sy goddelike voorsiening en offer wat Hy vir ons sondes en siektes gemaak het.

Maak nie saak watter simptome van die siekte nog sigbaar is nie, deur Sy wonde is jy genees! Verklaar dit. Ten spyte van die menings van ander oor jou gesondheid, deur Sy wonde is jy genees! Verklaar dit. Wanneer jy pyn het, ten spyte van hoe jy voel, deur Sy wonde is jy genees! Die Bybel sê "lê hande op die siekes en hulle sal GENEES". Hierdie is dalk nie 'n onmiddellike genesing nie, maar die Woord sê "hulle SAL genees"! Ons sien voorbeelde hiervan in die Skrif. Die tien melaatses is op weg, om hul aan die Priesters te toon, genees (Luk. 17:14). Ons geloof, gehoorsaamheid en volharding sal getoets word.

Jou sal miskien nou sê: "Ek voel geen verandering nie." Jesus het nie gesê: "In ooreenstemming met jou gevoelens nie", maar "volgens jou geloof"(Matt. 9:29). En jou geloof is in die rotsvaste Woord van God, nie in altyd veranderende, wisselende gevoelens nie!

Moenie sê: " Dit is waarskynlik nie God se wil vir my om te genees nie." God se Woord is Sy wil – en dit **is** Sy wil om jou te genees want Sy Woord sê: **"Ek is die Here wat jou gesond maak" (Ex. 15:26).** Daarom is dit Sy wil om jou te genees. Ons lees in **3 Joh. 2: "Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan."** Jesus was die wil van God in aksie en Hy het elke siekte onder die mense genees – sonder enige uitsondering. **En Jesus het by al die stede en dorpe rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees (Matt. 9:35). En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak (Matt. 8:16).**

Moenie sê: "Ek ly tot die eer van God." Hoe kan 'n siek liggaam God verheerlik. Wie sal 'n Vader wil dien wat siekte en smart op Sy kinders lê? Ons sien in die Nuwe Testament hoe mense genees is en ons lees dat elke keer wanneer 'n genesing plaasgevind het, hulle God verheerlik het. **En ondertussen kom daar groot menigtes na Hom met kreupeles, blindes, stommes, gebreklikes en baie ander by hulle, en hulle het dié by die voete van Jesus neergesit, en Hy het hulle gesond gemaak, sodat die skare verbaas was om te sien dat stommes praat, gebreklikes gesond word, kreupeles loop en blindes sien; en hulle het die God van Israel verheerlik (Matt. 15:30-31).**

Gesondheid en genesing verheerlik God! Toe Petrus en Johannes vir die verlamde man gebid het by die Tempelpoort is hy genees in die naam van Jesus en hy het God geprys! **Toe gryp hy hom aan sy regterhand en rig hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword. En hy het opgespring en gestaan en rondgeloop en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy rondloop en spring en God prys (Hand. 3:7-8).** Sy genesing het eer aan God gebring!

Jesus het Sy dissipels geleer om te bid dat God se wil op die aarde soos in die hemel geskied – Is daar siekte, lyding en pyn in die hemel?

Laat ons weer kyk na **Mark. 11:23: As jy in jou hart glo, sal jy kry net wat jy sê.** Jou tong en wat jy sê speel 'n belangrike rol in jou lewe. Salomo was wys toe hy gesê het in **Spr.12:18: "Die tong van die wyse is genesing."** Laat jou tong verklaar: **"Deur sy wonde is ek genees."** Onthou jy dat ons vroeër bespreek het dat jou tong jou lewe kan verstrik en jou vasgevang kan hou in jou omstandighede? **Die mond van die dwaas is sy ondergang en sy lippe 'n strik vir sy lewe (Spr.18;70).** God het gesê dat Sy woorde genesing (medisyne) vir jou hele liggaam is (Spr. 4:22).

Die Woord sê dat ons in Christus is, en bevry is van die vloek van die wet. **Christus het ons**

vrygekoop van die vloek van die wet (Gal. 3:13). Die vloek van die wet is siekte, armoede en dood volgens Deut. 28 vers 15, maar prys die Here Jesus, deur Sy dood aan die kruis het Hy ons verlos van al die vloeke wat in die wet voorkom. Dan gaan dit aan en sê in vers 14: **Sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang (Gal. 3:14).**

Die seëninge is ons s'n deur Jesus, hulle word beskryf in Deut. 28 vanaf vers 2 tot 14 en hulle sluit God se voorsiening en genesing in. Ons kan nou jubel in die rykdom van God se genade, Sy barmhartigheid en Sy liefde. Ons dien 'n God wat vol meegevoel is en wat net die beste vir my en jou wil hê, daarom laat ons reageer op Sy wonderlike liefde deur Hom te vertrou, Sy Woord te glo en deur volharding**. Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie.**

Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry (Heb. 10:35-36).

GOD'S PROMISES PROCLAIMED

Apply these promises to yourself and yours, and pray the following aloud: *Father, in the Name of Jesus I thank You that the love of God is poured out in my heart through the Holy Spirit that was given to me. I keep and guard Your Word. Father the love from and for You is perfect in me and love drives away all fear.*

Father I am Your child, and I commit myself to walk in Your love. I am long-suffering, patient and merciful. I never envy anybody and am not jealous. I am not boastful or vain, and I am not haughty. I am not rude and ill-mannered and I do not give offence. I do not demand my own rights or my own way, because I am not self seeking, and am not resentful or quick to take offence. I take no account of what has been done to me and forget the wrongs that I have suffered. I am not happy about unrighteousness, but rejoice when justice and truth triumph. I am tolerant. I am always ready to believe only the best about others. My hope does not weaken under whatever situation I may face. I endure everything without weakening, as my love does not fail. Father, I bless and pray for those that persecute me and do not curse them, that is why my love becomes more abundant in knowledge and in experience. I discern the things that come to pass. I am sincere and without offence till the day of Christ. I am filled with the fruit of righteousness. Everywhere I go I devote myself to sow seeds of love. I thank You Father that You prepare hearts in advance to receive this love. I know that these seeds will bring forth Your love in the hearts into which they are poured . Father, I thank You that while I am flowing in Your love and wisdom, peoples' lives are touched and blessed through my life and ministry. Father You are working so that I receive favour, mercy and love from other people (name them). I am deeply rooted and grounded in love, knowing that You are at my side, and nothing can separate me from Your love, Father, that is in Christ Jesus my Lord. Thank You so much Father, in the precious Name of Jesus. Amen!

A Prayer of Praise

Our Heavenly Father, we come before You in the Wonderful Name of Jesus Christ. Our hearts are full of praise and thankfulness for all the goodness You have given us: You sent Jesus in the fullness of time to buy Everlasting Life for us with His Blood. You gave us Your precious Word, which is for us the most excellent Handbook for a healthy, prosperous and peaceful life, and You sent us Your Holy Spirit to work deep in our spirit and the Fruit of the Spirit to reflect the character of our Saviour in our lives, viz. full of love, joyful, gentle, faithful, kind and full of self-control. And every day You surround us with Your loving-kindness, as we trust in You. You give us the desires of our heart, as we delight ourselves in You and You straighten our paths, because we know You in all our ways. Praise the Lord, it is good to sing praises to our God!

SPIRIT AND SOUL

Make these promises your own and pray the following aloud: I am a spirit, I have a soul and I live in a physical body. My spirit is the lamp of the Lord. God, my Father, leads me through my spirit into all truth. I am a Child of God, born of the Spirit of God, filled with the Spirit of God. The Holy Spirit gives direction to my spirit and enlightens my understanding. He leads me and teaches me that which is wholesome. He leads me through inner promptings. The eyes of my

.

mind are enlightened. Wisdom is in my inner being. His love is made perfect in me, I have an anointing from the Holy One. I become spirit conscious. I listen to the voice of my spirit. I let my spirit dominate, because I do not walk in the flesh, but in the spirit. I examine any leading in the light of His Word. I trust in the Lord with my whole heart and lean not on my own understanding. I know Him in all my ways and He straightens my paths. I walk in the light of the Word of God. I meditate on it day and night. Therefore my paths will be prosperous and I shall be successful my whole life. I am a doer of the Word and give it first place in my life. My born again spirit is my strength. Praise be to God who always makes me triumph in Christ.

Jos.1:8, Pro. 20:27, Is. 48:17, John 3:6-7, John 7:37-39, Rom. 8:1, Eph. 5:18, 2 Cor. 2:14, James 1:22, Ps.11, Ps.119:105, Job. 38:26, 1 John 2:20, Rom. 8:14,16 , Eph. 1:8, John 16:13, 1 Cor. 1:30, 1 Thess. 5:23

THE BODY OF CHRIST (The Church)

Make these promises applicable to yourself and your loved ones, and pray the following aloud:

Father, we pray and declare Your Word over the Body of Christ. We pray that they will be filled with the whole knowledge of Your Will in all spiritual wisdom. That is: An all embracing insight in the ways and purposes of God and insight and discernment of spiritual things. That they will walk, live and behave in a way that is honourable to You and will please You completely. Let them strive to please You in all things, while they are bearing fruit through good works and growing in the knowledge of You, with a fuller, deeper and clearer insight, acquaintance and recognition. We pray that the Body of Christ will be quickened and enforced with all power, according to the might of Your glory to all endurance with gladness and thanksgiving unto You, Father. You have qualified them to have part in the heritage of the Saints (God's sanctified people). You Father, have made them free and have drawn them to Yourself out of the power and dominion of darkness and brought them into the Kingdom of the Son of Your love, in whom they have been set free through His Blood, that means forgiveness of their sins.

Father, You rejoice in the meeting of the body of Christ when they show, shoulder to shoulder in good order, with stability and trust, their faith in Christ , forming a solid front – that leaning of the whole personality on Him in absolute trust on His power, wisdom and goodness.

They walk, adjust their lives and conduct themselves in unity and identify with Him in Whom the roots of their beings are planted, firm and strong.

They are Your people Father, clothe them as Your own chosen representatives, They are Your elect, cleansed and consecrated and loved by You, showing mercy, gentleness, loving-kindness, humility, patience and tolerance, with love. They are friendly with each other, and if they have differences, grievances or complaints against each other, they must be quick to forgive each other, because just as You Lord forgive them freely, they too must forgive. We, Your children, cover them with Your perfect love which preserves everything in perfect harmony. Allow the peace of Jesus to always rule in their hearts and guide their decisions, answering all their questions. They are thankful, appreciate everything and always give all honour to You. The Body of Christ - let the Word that was spoken by Christ, the Messiah, abundantly live in their hearts and thoughts, while they warn and teach each other in all insight, knowledge and wisdom with spiritual songs that is music to Your honour Father and with Your mercy in their hearts. And everything they do, in word or deed, may they do it in the Name of the Lord Jesus, depending totally on Him, while they thank You Father through Him! In the Name of Jesus.

THE INFILLING OF THE HOLY SPIRIT

Make these promises applicable to yourself and your loved ones, and pray the following aloud.

My Heavenly Father, I am Your Child, because I believe with my heart that Jesus rose from the dead and I confess Him as Lord. Jesus said: **How much more will your Heavenly Father give the Holy Spirit to those that ask.** *I ask You now in the Name of Jesus to fill me with Your Holy Spirit. I enter now into the fullness and power I desire in the Name of Jesus. I confess that I am a Spirit filled Christian. The moment I open my mouth and give over my tongue and vocal cords, I expect to speak in tongues. In the Name of Jesus!*

1 Cor. 14:2-15, Acts. 1:8, John 14:16-17, Acts. 10:44-46;

Eph. 6:18; Acts. 2:4; Acts. 19:2,5-6; Jude 1:20

Bind and Loose

Our Heavenly Father, at this moment we are standing in front of You in that most excellent Name, the Name of Jesus. You have given us the power to bind

and loose on earth, as it is also in heaven. Therefore we now bind Satan and his angels working in our health, our households, our children, our marriages, our finances, our professions and even our country and our government, in the Name of Jesus, and we will loose peace and love and wisdom and prosperity , so that it will go well with us and with our children and that we may have a peaceful life in this beautiful country and that we may devote our selves to glorify God continuously every day in our work and in our personal lives. Thank you for the privilege of praying according to the instructions in Your Word. Hallelujah and Amen.

SCHOOLS, COLLEGES, STUDENTS AND TEACHERS

Make these promises applicable to yourself and your loved ones, and pray the following aloud:

Father, we thank You that Your Word gives light and that You watch over Your Word to fulfil it. Father, we bring to You the schools, universities and colleges in our land, and also the students and teachers, especially those who hold positions of leadership. We believe that skills and Godly wisdom are in their hearts and that Your wisdom guides them. They have discretion and reason. Guard them and save them from the wicked way. We ask for men and women of integrity, blameless and perfect in Your eyes to stay in these positions, and that the godless will be removed from positions of authority and the faithless snatched away in the Name of Jesus. Father, we thank You for born again, Spirit filled people in these positions.

Father, we bring our children, our young people and students before You. We speak Your Word with frankness and confidence and say that our households are saved in the Name of Jesus. We are set free from the curse of the law, because Jesus was made a curse for us. Our sons and daughters are not surrendered to another nation. We enjoy our children and they will not fall into any bondage, in the Name of Jesus. As parents, we teach our children the way in which they must go and when they are old they shall not depart from it. Father, our children keep away from anything that will harm them or discredit the Name of Jesus. They are blameless, honest, innocent and uncontaminated children of God without blemish in the midst of a crooked and perverted generation— spiritually misled and declining – where our children are shining like lights – stars and beacons in a dark world, to which they are reaching out and presenting the Word of Life. Thank you Father, that You give them knowledge and skills in all wisdom and favour with those around them.

Father, we pray that these young people, their parents and the leaders in the schools will separate themselves from any contact with contaminated and corrupt influences. They cleanse themselves thoroughly from everything that may contaminate their body, mind and spirit. We confess that they will loathe any sexual liberty and immorality and flee from impurity of thought, word and deed. They live and walk uprightly and in full daylight, they have no delight in drunken revelry, drunkenness, immorality, rebellion, fighting and jealousy. They do not take part in any foolish, dirty, silly and sinful speech, jokes and gestures. We confess and believe that they flee from the sins of youth in the Name of Jesus.

Satan, we come to you in the Name of Jesus. We bind you, the authorities, the powers, the rulers of darkness and the evil spirits in the atmosphere and cast down strongholds with the mighty weapons God gave us in the Name of Jesus. We bind that blinding spirit of the anti-Christ. We bind the occult, astrology and witchcraft. We bind sexual immorality, idolatry, gluttony and blasphemy. We bind the spirit of alcohol, nicotine and drugs. We bind every destroying, treacherous, lying spirit. You are released from your workings in the lives of our children, young people, students and teachers in the Name of Jesus. They have escaped from the snare of the devil that kept them from doing Your Will, Father and we ask You to send theministering spirits to drive away the powers of darkness.

Father, we thank You that You have given Christ all the treasures of wisdom and Godly knowledge (of wide insight into the ways and objectives of God) and all the wealth of spiritual knowledge and information that is hidden, and that we are walking in Him. We praise You Father, that we shall see how our children and young people are walking in the way of piety and virtue and hold Your Name in honour. Those who were wandering in spirit have received insight and those who were dissatisfied and grumbled, have embraced teaching about the Way, Jesus, to do Your Will and carry out your purposes,

because You now have first place in their hearts. We surround our children, young people and teachers with our faith. Thank you Father, that You are the God that frees people. Thank you Father, that the Gospel is preached in our schools and colleges. Thank you for workers in the harvest that preach the Word, in Jesus Name. Praise the Lord!

Deut. 28:32,41, Ps. 119:130, Pro. 2:21-22 , Pro. 22:6, Pro. 2:10-12 , Is. 29:23-24, Jer. 1:12, Matt. 18:18, Rom. 13:13, 1 Cor. 6:18, 2 Cor. 7:1, Gal. 3:13, Eph. 5:4 , Phil. 2:12, 15-16, Col. 2:3 , Heb. 1:14, 2 Tim. 2:21-22,26, 1 John 2:17 , 1 John 5:21, Dan. 1:9,17

Our Heavenly Father, we worship You in the Name of Jesus Christ, our Saviour. And in that most Excellent Name we also want to agree to spend time with You and Your Word, because we realise that, until now, we have not given our best time and attention to You who gave Your very best to us, therefore our lives are powerless and a weak witness for the God we serve.

We thank You for the insight You gave us about prayer, and we agree that we shall use this knowledge so that our prayers from now on will have great power and also will be a sweet smelling incense on Your Heavenly altars. Please help us with this by Your Holy Spirit in Jesus Name.

Hallelujah and amen.



UIT ONS KANTOOR

Iets wat ons aangaande die korona virus opgeval het, is die verwarring wat dit veroorsaak het onder Christene. Sommige dink dat dit van die duiwel is, ander weer dat God dit toegelaat het en dan is daar die wat dit net ignoreer. God is soewerein, Hy hou die sterrestelsels in die palm van Sy hand. Die Aarde roteer op die presiese wyse hoe Hy dit vasgestel het en net Hy kan dit stop soos in die tyd van Josua **(Jos. 10: 12-13).** God is in beheer en Hy is nie onkant gevang deur die virus nie, Hy skep koninkryke en vernietig hulle. God is in beheer van alle dinge, maar die mens het 'n vrye wil om keuses te maak. Die duiwel kan nie op die aarde maak soos hy wil nie. Jesus het vir Petrus gesê dat Satan begeer het om hulle te sif en Hy gaan aan deur te sê dat Hy vir hulle gebid het dat hulle geloof nie moet ophou nie **(Luk. 22: 31–32).**

Die virus is 'n werklikheid. God is egter genadig en ons Beskermer. Ons loop met maskers rond, ontsmet ons hande en koors word gemeet, alles om ons te beskerm teen 'n klein onsigbare virus wat ons kan dood maak. Die vraag is wat kan ons hieruit leer. Die virus kan op ons kom en in ons kom, wat ons kan laat dood gaan. Dit het my laat dink dat as die sonde (virus) in my liggaam kom dit vermeerder en dood kan veroorsaak. Jakobus sê: ... **as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort (Jak.1:15).** Elkeen wat nie die knie voor Jesus wil buig en Hom as hul Verlosser erken nie sal vir ewig van Hom geskei wees s.g.v hul keuse en nie wat Hy wil hê nie. In **Joh. 3:16** staan: **"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê".**

In die tyd ontsmet ons ons hande gedurig. Dit is nodig om rond te loop met 'n hart wat aanhoudend ontsmet (gereinig) word. Reiniging is deur die Woord van God. Dit is vrylik beskikbaar en hoe meer ek op God wag en Sy Woord lees hoe meer raak ek vernuwe. Jesus het gesê dat Sy Woord ons was. Sy woord is skerper as enige tweesnydende swaard, dit is kragtig en lewendig. Dit is ook 'n gereedskap om my voor God skoon te hou, in Sy teenwoordigheid te hou. Dit is 'n padkaart vir die pad wat ek moet loop.

Mag nie na aan mense kom nie en Paulus sê **"sonder julle af". Ps. 1:1-3 sê: "nie sit in die kring van die spotters nie. Hy wat die Woord mediteer, dag en nag. Sal soos 'n boom wees wat vrugte op sy tyd dra en die blare nie verwelk nie. Alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit"** (belofte)

Ons kan die virus nie ignoreer nie. So is sonde ook 'n werklikheid. Jesus sê dat die mense wat tot die einde volhard geseënd sal wees. Ons moet verander deur die vernuwing van ons gemoed (Denke) **(Rom 12: 2).**

Ons het geleer om die Woord daagliks te bestudeer. Dit was ons skoon, maak ons vry, wys ons Wie God is en wat Hy vir ons wil hê. Hy is 'n heilige, regverdige God. Sy grootste karaktertrek is liefde. Ons het geleer om altyd waaksaam te wees **(1 Pet. 5:8).** Dit kan net goed gaan met ons as ons in 'n verhouding met God wandel. Onthou God is op die troon en alles is aan Hom ondergestel.

Meg en die Gebedspan